# Studiebrief 101/3/2015

## Inklusiewe Onderwys B

## ETH306W

## Semesters 1 & 2

## Departement van Inklusiewe Onderwys

**BELANGRIKE INLIGTING**

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting oor die module.

BAR CODE

Learn without limits.

UNISA university of south africa

# INHOUDSOPGAWE

*Bladsy*


**1 INLEIDING ... 3**

**2 DOEL EN UITKOMSTE VAN DIE MODULE ... 3**

2.1 Doel ... 3

2.2 Uitkomste ... 3

**3 DOSENT(E) EN KONTAKBESONDERHEDE ... 4**

3.1 Dosent(e) ... 4

3.2 Departement ... 4

3.3 Universiteit ... 4

**4 HULPBRONNE VIR DIE MODULE ... 4**

4.1 Voorgeskrewe boeke ... 4

4.2 Aanbevole boeke ... 4

4.3 Elektroniese Reserwes (e-Reserwes) ... 4

**5 STUDENTEHULPDIENSTE VIR DIE MODULE ... 4**

**6 STUDIEPLAN VIR DIE MODULE ... 5**

**7 PRAKTIESE WERK EN WERKGEÏNTEGREERDE LEER ... 7**

**8 ASSESSERING ... 7**

8.1 Assesseringsplan ... 7

8.2 Algemene werkopdragnommers ... 7

8.2.1 Unieke werkopdragnommers ... 7

8.2.2 Indieningsdatums vir werkopdragte ... 8

8.3 Indiening van werkopdragte ... 9

8.4 Werkopdragte ... 10

**9 BYKOMENDE ASSESSERINGSMETODES ... 21**

**10 EKSAMEN ... 22**

**11 GEREELDE VRAE ... 23**

**12 GERAADPLEEGDE BRONNE ... 23**

**13 SLOT ... 23**

## 1 INLEIDING

Geagte Student

Baie welkom by hierdie module. Ons is bly om u as student te hê en wens u sukses met u studies toe. Ons sal ons bes doen om u studie van hierdie module suksesvol te maak. Indien u reeds vroeg in die semester/jaar met u studies begin en onderneem om die werkopdrag(te) behoortlik te voltooi, het u reeds ’n uitstekende grondslag vir sukses gelê.

U sal gedurende die semester 'n aantal studiebriewe ontvang. 'n Studiebrief is ons manier om met u te kommunikeer oor onderrig, leer en assessering.

Studiebrief 101 bevat belangrike inligting oor die werkskema, hulpbronne en werkopdragte vir hierdie module. Ons moedig u aan om dit noukeurig deur te lees en om dit byderhand te hou wanneer u deur die studiemateriaal werk, die werkopdrag(te) doen, vir die eksamen voorberei en vrae aan u dosente rig.

In hierdie studiebrief (101) verskyn die werkopdragte en assesseringskriteria sowel as instruksies oor die opstel en indiening van die werkopdragte. Bestudeer hierdie inligting asseblief noukeurig en maak seker dat u die voorgeskrewe materiaal so gou as moontlik bekom. Ons het ook sekere algemene en administratiewe inligting oor hierdie module ingesluit. Bestudeer hierdie afdeling van die studiebrief asseblief noukeurig.

Ons wil u sommer dadelik daarop wys dat **u al die studiebriewe** wat u gedurende die semester ontvang, **onmiddellik en aandagtig moet lees** aangesien die briewe altyd belangrike en soms dringende inligting bevat.

## 2 DOEL EN UITKOMSTE VAN DIE MODULE

### 2.1 Doel

Die **doel** van hierdie module ETH306W is om u toe te rus om, met behulp van nuutverworwe kennis:

- die leerder wat hindernisse tot leer en ontwikkeling ervaar, beter te verstaan en te kan begelei en te kan bystaan
- die nodige nuwe **vaardighede** aan te leer en te implementeer, ten einde die leerder beter te kan bystaan en beter te kan begelei
- ’n veranderde **houding of waardes** teenoor die leerder wat hindernisse tot leer en ontwikkeling ervaar, te beleef en te openbaar

### 2.2 Uitkomste

Die **uitkomste** van hierdie module is dat u as student:

- deur middel van u werkopdragte sal kan demonstreer dat u **kennisbasis** werklik verbreed het
- nuwe **vaardighede** aanleer en dat bestaande vaardighede weens u verbeterde kennis uitgebrei en verfyn word, sodat u kan reflekteer oor watter vaardighede benut kan word om leerders met hindernisse tot leer en ontwikkeling se volle potensiaal te aktualiseer
- ’n verandering in u **houding of waardes** rakende leerders met hindernisse tot leer en ontwikkeling sal demonstreer (deur bv meer aanvaardend en sorgsaam te wees) in die voltooiing van werkopdragte

## 3 DOSENT(E) EN KONTAKBESONDERHEDE

### 3.1 Dosent(e)

Mev JMC Motitswe Motitjmc@unisa.ac.za

201 Solomon Mahlangu-gebou

Tel: 012 352 4138

### 3.2 Departement

Departement van Inklusiewe Onderwys

### 3.3 Universiteit

Unisa Hoofkampus, Pretoria

## 4 HULPBRONNE VIR DIE MODULE

### 4.1 Voorgeskrewe boeke

Daar is geen voorgeskrewe boek vir hierdie module nie.

### 4.2 Aanbevole boeke

Daar is nie aanbevole boeke vir hierdie module nie.

### 4.3 Elektroniese Reserwes (e-Reserwes)

Daar is nie e-Reserwes vir hierdie module nie.

## 5 STUDENTEHULPDIENSTE VIR DIE MODULE

Vir inligting rakende die verskillende studente-ondersteuningstelsels by Unisa, raadpleeg asseblief die publikasie *my Studies @ Unisa* wat u saam met u studiemateriaal ontvang het. Ondersteuningstelsels sluit onder meer in studente-berading, onderrrigsessies, taalondersteuning.

### 5.1 Kontak met mede-studente

Ons beveel aan dat u kontak met u medestudente maak. Een manier om dit te doen, is om studiegroepe te vorm. Die adresse van studente in u area kan van die volgende departement verkry word:

Direktoraat: Studente-administrasie en registrasie
Posbus 392
UNISA
0003

## 5.2 myUnisa

Indien u toegang het tot ’n rekenaar wat met die Internet verbind is, kan u vinnig toegang tot bronne en inligting by die Universiteit verkry. Die myUnisa-leerbeheerstelsel is Unisa se aanlynkampus wat u sal help om met u dosente, ander studente en Unisa se administratiewe departemente te kommunikeer – alles deur die rekenaar en die Internet.

Om na myUnisa toe te gaan, begin by die hoof Unisa-webblad, http://www.unisa.ac.za en klik op die “Login to myUnisa”-skakel aan die regterkant van die skerm. Dit behoort u na die myUnisa-webblad te neem. U kan ook direk daarheen gaan deur http://my.unisa.ac.za in te sleutel.

Raadpleeg asseblief die publikasie *my Studies @ Unisa* wat u saam met u studiemateriaal ontvang het vir meer inligting oor myUnisa.

# 6 STUDIEPLAN VIR DIE MODULE

In hierdie module wil ons u graag help om die vermoëns waaraan 'n akademies-onderlegde persoon gekenmerk word, te ontwikkel, naamlik om intelligent en konstruktief te dink en rasioneel te argumenteer. Ten einde hierdie vermoëns te ontwikkel, moet u die module stelselmatig aanpak. U moet krities en denkend leer en studeer. U moet die leerstof bestudeer, interpreteer, begryp, krities bespreek, met nuwe idees aanvul, selfs probeer verskil van wat in u lesings staan en dan die essensie uit die omvangryke uitlig, sodat u die inhoud van elke stuk kan weergee. U moet egter ook die onderafdelings van die studiemateriaal in besonderhede ken.

Vrae in 'n eksamen is nie noodwendig direkte vrae nie. U moet dus sorg dat u 'n goed geïntegreerde kennis van al die leerstof van die hele leergang het. Op hierdie wyse sal u insig ontwikkel wat vir doeleindes van die eksamen en ook in u latere lewe en werk van groot waarde sal wees.

Weliswaar mag gedeeltes in die studiemateriaal tydens 'n eerste deurlees moeilik wees om te verstaan, maar u behoort duidelikheid te kry wanneer u die gedeeltes die tweede keer lees. Indien dit egter nie die geval is nie, moet u ons laat weet of kom spreek sodat ons die saak kan opklaar.

Waak teen die herhaaldelike passiewe oorlees van u studiemateriaal. Daarmee verkwis u kosbare tyd. Gaan sistematies te werk en maak behoorlike opsommings van die hoofpunte en onderverdelings. Probeer elke hoofstuk reduseer tot 'n stewige raamwerk wat sonder moeite aangevul kan word. Hierdie raad klink miskien vir u oorbekend, maar dit bly die beste metode om 'n groot hoeveelheid studiemateriaal onder die knie te kry. Indien u al moderne memoriseertegnieke op ander terreine met sukses toegepas het, kan u dit gerus ook in die studie van hierdie vak toepas. Sorg egter dat u nie slegs u memoriseervermoë nie, maar ook u begripsvermoë ontwikkel.

- **Groepbesprekings**

Die Universiteit reël video- of telefoonkonferensies in Pretoria. Die presiese datums en roosters word elke jaar in 'n afsonderlike studiebrief in die 300-reeks aan alle studente verstrek.

Onthou, die bywoning van EEN videokonferensie gedurende u studiejare is verpligtend. Die videokonferensie is 'n uiters belangrike medium ter aanvulling van ons korrespondensie-

onderrig wat, soos u weet, groter eise as residensiële onderrig aan studente en dosente stel. Maak seker dat u voorbereid is wanneer u die groepbesprekings bywoon.

- **Algemene opmerkings**
  - Moenie navraag doen oor die terugontvang van werkopdragte nie. Sodra dit nagesien is, sal ons dit aan u terugstuur (± 5 weke).
  - Die noodsaaklikheid en waarde van gereelde skriftelike werk vir hierdie kursus kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Dit is dus in u eie belang om gereeld en deeglik te werk.
  - Ons hou rekord van al die werk wat u ingestuur het en weet dus presies *of* en *hoe* u gewerk het.
  - Die werkopdragte is die enigste konkrete maatstaf waarmee die gehalte van u werk gemeet kan word.
  - Al die *werkopdragte* moet direk aan die Registrateur (Akademies) gestuur word en nie aan die betrokke dosent nie.
  - Indien dit duidelik is dat studente by mekaar afgeskryf het, kry die betrokke studente 0 % en geen kredietpunt.

- **Vereistes vir die vorm en inhoud**

  - Sorg dat u die bewoording van die werkopdrag deeglik snap. Moenie gerieflikheidshalwe die opdrag verkeerd vertolk om die beantwoording te vergemaklik nie.
  - Hou konsekwent by die vraag en vermy onnodige bladvulling met irrelevante inligting.
  - Waak teen onnodige lang inleidings; lei die leser sinvol na die kern van u bespreking.
  - Gaan asseblief stelselmatig te werk. Werk 'n skema uit voordat u met die beantwoording van die vraag begin. U antwoord weerspieël u insig in die vraag. 'n Logiese rangskikking van gegewens getuig van 'n deeglike assimilasie van die leerstof.
  - Gebruik die amptelike antwoordboeke en taakomslae. Skryf net op die een kant van die papier en sorg dat die verskillende bladsye in die regte volgorde vasgeheg is.
  - Werkopdragte kan net met die hulp van teksboeke gedoen word. U werkopdragte moet daarvan getuig dat u wyd en in diepte gelees het.
  - U mag soveel werkopdragte as wat u wil voor of op die keerdatums indien.

  <u>Onthou: U moet al vier werkopdragte vir hierdie afdeling deurkom.</u>

- **Reëls aangaande die werkopdragte**

**BELANGRIK:**

- Maak seker dat u naam, adres, studentenommer, die modulekode (EDT304R), kursusnaam asook die nommer van die werkopdrag korrek boaan elke bladsy van u antwoord en op die *werkopdragomslag* verstrek word.
- Stel 'n inhoudsopgawe op, of verdeel die antwoord in hoofde en subhoofde.
- Wanneer u uit werke aanhaal, *moet* u die aangehaalde werk duidelik aangee, byvoorbeeld Papalia (1978:403), dit wil sê, die outeur(s), jaar van uitgawe en bladsynommer(s).
- Bibliografie: Papalia, CE & Olds, SW. 1978. *Human development*. Toronto: McGraw-Hill.

**<u>MOET NOOIT DIREK AANHAAL SONDER OM DIE BRON AAN TE HAAL NIE.</u>**

## 7 PRAKTIESE WERK EN WERKGEÏNTEGREERDE LEER

Hierdie module is nie aan 'n spesifieke module vir onderwyspraktyk of werkgeïntegreerde leer gekoppel nie. U word wel versoek om die teorie van inklusiewe onderwys gedurende u praktiese onderwys toe te pas.

## 8 ASSESSERING

### 8.1 Assesseringsplan

Unisa volg 'n deurlopende assesseringstelsel. U sal dus deur die semester punte bymekaar kan maak. U bevorderingspunt word saamgestel uit 'n jaarpunt van 20% en 'n eksamenpunt van 80%.

U jaarpunt sal soos volg bereken word:

Werkopdrag 01 sal 10% tel.
Werkopdrag 02 sal 10% tel.

Die indiening van altwee die  werkopdragte sal tot u voordeel strek. Sterkte!

**Neem kennis**: U moet 'n subminimum van 40 in die eksamen behaal alvorens u jaarpunt vir u sal tel. Met ander woorde, u moet die eksamenvraestel slaag (50%).

### 8.2 Algemene werkopdragnommers

Vir hierdie module is daar twee werkopdragte. Maak seker dat u Werkopdrag 01 of Werkopdrag 02 regs onder op die voorblad van u werkopdragomslag skryf.

#### 8.2.1 Unieke werkopdragnommers

Unieke werkopdragnommers is unieke nommers wat aan elkeen van die twee werkopdragte gekoppel is. Maak seker dat u die korrekte unieke werkopdragnommer in die middel van die werkopdragdekblad invul.

**EERSTE SEMESTER**

**Werkopdrag 1:** 589289
**Werkopdrag 2:** 589306

**TWEEDE SEMESTER**

**Werkopdrag 1:** 583265
**Werkopdrag 2:** 583274

### 8.2.2 Indieningsdatums vir werkopdragte

**Indieningsdatums van werkopdragte**

Vir volledige inligting oor werkopdragte, gaan asseblief na die brosjure *my Studies @ Unisa* wat u saam met u studiepakket ontvang het. .

Om ‘n werkopdrag via myUnisa in te lewer, gaan soos volg te werk:

- Gaan na myUnisa.
- Teken aan met u studentenommer en toegangswoord.
- Kies die module.
- Klik op werkopdragte op die linkerkantse spyskaart.
- Klik op die werkopdragnommer wat u wil inlewer.
- Volg die instruksies op die skerm.

**Werkopdragte vir 2014**

- Werkopdrag 1: Meerkeusevrae
- Werkopdrag 2:  Geskrewe werkopdrag

**EERSTE SEMESTER**

| Werkopdrag | Datum | Eksamenpunt |
|---|---|---|
| Werkopdrag 01<br>Unieke-nommer: 589289<br><br>Verpligtend en moet Unisa betyds bereik! | 01 April 2015 | 10% |
| Werkopdrag 02<br>Unieke-nommer: 589306 | 01 April 2015 | 10% |

**TWEEDE SEMESTER**

| Werkopdrag | Datum | Eksamenpunt |
|---|---|---|
| Werkopdrag 01<br>Unieke-nommer: 583265<br>Verpligtend en moet Unisa betyds bereik! | 01 September 2015 | 10% |
| Werkopdrag 02<br>Unieke-nommer: 583274 | 01 September 2015 | 10% |

## 8.3 Indiening van werkopdragte

- Die eksamen vir ETH306W is in die vorm van ‘n twee-uur vraestel wat aan die einde van die semester geskryf sal word. U sal deur die Eksamendepartement in kennis gestel word van die datum, tyd en plek van u eksamen.

  U sal ook ‘n semesterpunt verwerf deurWerkopdrag 01 (10%) en 02 (10%) in te handig. Die eksamen sal vir die oorblywende 80% van u finale punt vir hierdie module tel.

- U moet dus vanselfsprekend die beste moontlike werkopdragte indien.

  Daar sal slegs in uitsonderlike gevalle – met gepaardgaande mediese sertifikate of tersaaklike dokumente – toegewings gemaak word vir laat inlewering van werkopdragte.

  Gebruik gerus Unisa se aanlynfasiliteite vir die inlewering van u werkopdragte. Deur u werkopdragte elektronies in te dien, spring u moontlike vertraging deur die posstelsel vry.

- Weens die belangrikheid van werkopdragte word u aangeraai om kopieë van al u werkopdragte te maak alvorens u dit indien en om hierdie kopieë te hou, in geval daar navrae ontstaan.

  Maak seker dat u naam, adres, studentenommer, modulekode en die nommer van die werkopdrag op die buiteblad en aan die bokant van elke bladsy van u antwoord, verskyn.

## 8.4 Werkopdragte

### WERKOPDRAG 01

Hierdie werkopdrag is ‘n meerkeusewerkopdrag en dit tel 10% van u semesterpunt.

| |
|---|
| Hierdie werkopdrag is verpligtend.<br>**EERSTE SEMESTER**<br>Sluitingsdatum : 01 April 2015<br>Unieke nommer: **589289** |

### INSTRUKSIES

| | |
|---|---|
| 1 | Beantwoord hierdie werkopdrag op een van die merkleesblaaie. |
| 2 | Maak seker dat u bo en behalwe die werkopdragnommer (01) ook die unieke werkopdragnommer op die merkleesblad invul. |
| 3 | Bestudeer die instruksies vir die voltooiing van die merkleesblaaie (sien Unisa: Dienste en prosedures) voordat u met die invul van die blad begin. |
| 4 | Maak duidelike merkies - gebruik ’n HB-potlood. |
| 5 | Bestudeer u studiegids deeglik. |
| 6 | Hierdie werkopdrag is verpligtend. Geen uitstel kan vir die laat indiening van hierdie werkopdrag gegee word nie omdat almal s’n tegelyk deur die rekenaar nagesien word. |

**Doel van die werkopdrag**:

Die doel van die werkopdrag is om u te help om vertroud te raak met die inhoud van hierdie module. U sal die hele studiegids, asook addisionele studiebriewe wat aan u gestuur sal word, moet lees. Dit sal u help om ‘n geheelbeeld van die hele module te kry.

U sal ‘n punt vir elke korrekte antwoord kry en u punte sal in ‘n persentasie omgeskakel word. Die korrekte antwoorde sal later in die jaar in ‘n studiebrief aan u gestuur word.

**Werkopdrag 01: Meerkeusevrae**

**Werkopdrag 01 Vrae**

**1 Kies die regte kombinasie van stellings.**

Volgens die Onderwys Witskrif nr 6 is die beleid van inklusiewe

onderwys in Suid-Afrika om die volgende redes aanvaar:

A. Uit ‘n sosiale oogpunt is dit sinvol.

B. Uit ‘n finansiële oogpunt is dit sinvol.

C. Uit ‘n opvoedkundige oogpunt is dit sinvol.

D. Dit bevorder onderlinge respek.

E. Dit bevorder sosiale welsyn.

(1) A, B, C

(2) A, C, D

(3) A, D, E

(4) B, C, D

**2 Kies die regte kombinasie van die opsies.**

Transformasie in die onderwysstelsel wat betref leerders met leerhindernisse is noodsaaklik weens die volgende redes:

A ’n Beraamde 70% van leerders met gestremdhede, waarvan die meeste swart gestremde leerders in plattelandse gebiede is, bevind hul tans buite die formele onderwysstelsel.

B Leerders wat leerhindernisse ervaar, word skynbaar meer uitgesluit in die kleinkindontwikkelingsfase.

C Waar hierdie leerders wel in gewone skole geakkommodeer word, sal toegang tot die kurrikulum nie problematies wees nie.

D Waar daar goeie samewerking tussen spesiale skole en gewone skole is, sal hierdie leerders nie uitgesluit word nie.

(1) A, B, C

(2) B, C, D

(3) A, B, D

(4) A, C, D

**3 Kies die NIE-KORREKTE stelling oor epilepsie.**

(1) Kinders met epilepsie moet normale, gesonde lewens lei.

(2) Epileptiese aanvalle kan toeneem as daar affektiewe stoornisse voorkom.

(3) Kinders met epilepsie vertoon soms afwykende gedrag wat hulle kan beheer.

(4) In die geval van gedeeltelike toevalle verloor 'n kind nie heeltemal sy bewussyn nie.

**4 Die volgende faktore kan tot handskrifprobleme lei:**

(1) Letter-klank-verbande, laterale dominansie, emosionele probleme, swak visie

(2) Perseptuele probleme, handdominansie, swak motivering, emosionele probleme

(3) Perseptuele probleme, swak motivering, woordanalise, kognitiewe probleme

(4) Letter-klank-verbande, kognitiewe probleme, swak visie, handdominansie

**5 ... is 'n gevorderde vorm van reseptiewe taal.**

(1) Geskrewe taal

(2) Innerlike taal

(3) Spraak

(4) Lees

**6 Leerders met ... vorder nie op skool in ooreenstemming met hul potensiaal nie.**

(1) leerprobleme

(2) ouditiewe-reseptiewe probleme

(3) fisieke gestremdhede

(4) intellektuele gestremdhede

**7 Die term "leerprobleme" het nie betrekking op** …

(1) probleme wat in die eerste plek voortspruit uit visuele, gehoor- of motoriese gestremdhede, of uit intellektuele gestremdhede nie of as gevolg van emosionele, omgewings-, kulturele of ekonomiese omstandighede nie.

(2) probleme wat voortspruit uit die psigologiese prosesse betrokke by die verstaan en gebruik van taal - beide gesproke en geskrewe taal nie.

(3) n onvoldoende vermoë om te luister, dink, praat, lees, skryf, spel of om wiskundige berekenings te doen nie.

(4) leerders wat sukkel om sekere vaardighede te verkry wat nodig is om sukses op skool te behaal nie.

**8 ... taal is die taal waarin ‘n mens dink.**

(1) Innerlike

(2) Reseptiewe

(3) Ekspressiewe

(4) Nie-verbale

**9 Downsindroom ontstaan as gevolg van afwykings in die gene van die … chromosoom.**

(1) Agtiende

(2) Een-en-twintigste

(3) Dertiende

(4) A, B, en C

**10 Die volgende is tekens van moontlike ouditiewe probleme 'n Leerder...**

(1) praat eentonig, vermy mondelinge werk, is dikwels onoplettend, vind dit moeilik om met maats oor die weg te kom

(2) praat te vinnig of te stadig, is dikwels onoplettend, weier om aan balspeletjies deel te neem, verwar letters wat dieselfde vorms het

(3) vermy mondelinge aktiwiteite, is geneig tot vinnige gemoedsveranderinge, maak swaar op gebare staat, praat te sag of te hard

(4) draai sy kop om te luister, beweeg sy kop wanneer hy na prentjies kyk, weier om aan balspeletjies deel te neem, praat te hard of te sag

**11 Kinders wat skielike uitbarstings van aggressie, vernielsugtigheid en 'n slegte humeur openbaar, mag moontlik aan ... ly.**

(1) tremor

(2) ontwrigtende gedrag

(3) verskuilde epilepsie

(4) neurologiese disfunksie

**12 Refraksiefoute kan die volgende oogtoestande veroorsaak:**

(1) strabisme, miopie, hiperopie

(2) nistagmus, albinisme, skeeloog

(3) hiperopie, astigmatisme, miopie

(4) astigmatisme, skeeloog, albinisme

**13 Leerders met ... probleme ondervind probleme met die samewerking tussen die oog en die hand of die oog en die voet.**

(1) fyn motoriese persepsie

(2) laterale dominansie

(3) visueel-motoriese persepsie

(4) ruimtelike persepsie

**14 As 'n persoon aan ... ly, is hy of sy geneig om die stem te laat sak en baie sag te praat.**

(1) sensorineurale gehoorverlies

(2) tinnitus

(3) gedeeltelike gehoorverlies

(4) konduktiewe gehoorverlies

**15 staan somtyds bekend as sensoriese hiperaktiwiteit.**

(1) Perseptueel-motoriese manifestasies

(2) Hiperaktiwiteit

(3) Aandagafleibaarheid

(4) Sensorineurale gehoor

**WERKOPDRAG 02**

Hierdie werkopdrag is ‘n geskrewe werkopdrag en dit tel 10% van u semesterpunt.

> Hierdie werkopdrag is verpligtend.
>
> **EERSTE SEMESTER**
> Sluitingsdatum: 01 April 2015
> Unieke nommer: 589306

Die **doel** van hierdie werkopdrag is om vas te stel of u die teoretiese inhoud van hierdie module verstaan en ken. U moet vertroud raak met nuwe ontwikkelings in die veld van Inklusiewe Onderwys, insluitende intrinsieke en ekstrinsieke hindernisse tot leer en ontwikkeling. Om ‘n leerder met leerhindernisse te kan ondersteun, moet u oor basiese kennis van die leerhindernis beskik. Dit sal u lei om vorme van ondersteuning vir leerders met leerhindernisse te ontwikkel.

**Assesseringskriteria:** U sal demonstreer dat u die verskillende konsepte begryp en dat u praktiese toepassing van die teorie kan doen deur ‘n beskrywing te formuleer van die ondersteuning wat u as onderwyser in die klaskamer kan gee.

**Skryf die fase waarvoor u in die BEd-program ingeskryf is (KKO-, Intermediêre of VOO-fase) boaan die eerste bladsy van u werkopdrag.**

**Vraag 1**

Die skoolhoof van die skool waar u onderwys gee, vra u om vir die ander personeellede te vertel wat Inklusiewe Onderwys en intrinsieke en ekstrinsieke leer- en ontwikkelingshindernisse is.

Skryf u toespraak en maak gebruik van opskrifte en subopskrifte. Die toespraak moet twee tot drie bladsye lank wees as dit getik word en indien handgeskrewe, drie tot vier bladsye. Raadpleeg Studie-eenheid 2 (bl 18) en Bylaag N (bl 319) van u Studiegids.

(30)

**Vraag 2**

Leerders met die volgende tipes hindernisse word tot u klas toegelaat:

2.1 ‘n gehoorgestremheid

2.2 ‘n visuele gestremdheid

2.3 serebrale gestremdheid

Bespreek die ondersteuning wat u in die klaskamer aan elkeen van hierdie drie leerders kan gee. 3X10 (30)

**Vraag 3**

Wat sal u doen as ‘n leerder ‘n epileptiese aanval in u klas kry? (10)

**Vraag 4**

**Doen óf vraag 4.1 óf vraag 4.2 afhangende van die fase waarvoor u ingeskryf is.**

**Vraag 4.1 KKO-fase**

‘n Leerder in u klas het gedragsprobleme. Verduidelik die gedragsprobleme wat mag voorkom en verduidelik watter bystand u aan hierdie leerder kan gee. (30)

**OF**

**Vraag 4.2 Intermediêre en VOO-fase**

Bespreek vyf onbeantwoorde emosionele behoeftes van leerders in die Intermediêre of VOO-fase en verduidelik wat u as die onderwyser kan doen om leerders met emosionele behoeftes te ondersteun.

(30)

**WERKOPDRAG 01**

Hierdie werkopdrag is ‘n meerkeusewerkopdrag en dit tel 10% van u semesterpunt.

| |
|---|
| Hierdie werkopdrag is verpligtend.<br>**TWEEDE SEMESTER**<br>Sluitingsdatum: 01 September 2015<br>Unieke nommer: **583265** |

**INSTRUKSIES**

| | |
|---|---|
| 1 | Beantwoord hierdie werkopdrag op een van die merkleesblaaie. |
| 2 | Maak seker dat u bo en behalwe die werkopdragnommer (01) ook die unieke werkopdragnommer op die merkleesblad invul. |
| 3 | Bestudeer die instruksies vir die voltooiing van die merkleesblaaie (my studies@Unisa) voordat u met die invul van die blad begin. |
| 4 | Maak duidelike merkies - gebruik 'n HB-potlood. |
| 5 | Bestudeer u studiegids deeglik. |
| 6 | Hierdie werkopdrag is verpligtend. Geen uitstel kan vir die laat indiening van hierdie werkopdrag gegee word nie omdat almal s'n tegelyk deur die rekenaar nagesien word. |

**Doel van die werkopdrag**:

Die doel van die werkopdrag is om u te help om met die inhoud van hierdie module vertroud te raak. U sal die hele studiegids, asook addisionele studiebriewe wat aan u gestuur sal word, moet lees. Dit sal u help om 'n geheelbeeld van die hele module te kry.

U sal 'n punt vir elke korrekte antwoord kry en u punte sal in 'n persentasie omgeskakel word. Die korrekte antwoorde sal later in die jaar in 'n studiebrief aan u gestuur word.

**Werkopdrag 01: Meerkeusevrae**

**1 Leerders met ... probleme vind dit moeilik om woorde in lettergrepe te verdeel of lettergrepe in 'n woord saam te voeg.**

(1) visuele persepsie

(2) perseptuele probleme

(3) visueel-motoriese persepsie

(4) ruimtelike persepsie

**2 Leerders met ... probleme ondervind probleme met die samewerking tussen die oog en die hand of die oog en die voet.**

(1) fyn motoriese persepsie

(2) laterale dominansie

(3) visueel-motoriese persepsie

(4) ruimtelike persepsie

**3 Die volgende faktore kan tot handskrifprobleme lei:**

(1) Letter-klank-verbande, laterale dominansie, emosionele probleme, swak visie

(2) Perseptuele probleme, handdominansie, swak motivering, emosionele probleme

(3) Perseptuele probleme, swak motivering, woordanalise, kognitiewe probleme

(4) Letter-klank-verbande, kognitiewe probleme, swak visie, handdominansie

**4 Lees is …**

(1) 'n gevorderde vorm van ekspressiewe taal.

(2) 'n gevorderde vorm van innerlike taal.

(3) afhanklik van sigwoordeskat.

(4) 'n gevorderde vorm van reseptiewe taal.

**5 Die term "leerprobleme" het nie betrekking op** …

(1) probleme wat in die eerste plek voortspruit uit visuele, gehoor- of motoriese gestremdhede, of uit intellektuele gestremdhede nie of as gevolg van emosionele, omgewings-, kulturele of ekonomiese omstandighede nie.

(2) probleme wat voortspruit uit die psigologiese prosesse betrokke by die verstaan en gebruik van taal - beide gesproke en geskrewe taal nie.

(3) 'n onvoldoende vermoë om te luister, dink, praat, lees, skryf, spel of om wiskundige berekenings te doen nie.

(4) leerders wat sukkel om sekere vaardighede te verkry wat nodig is om sukses op skool te behaal nie.

**6 Kies die regte kombinasie van opsies.**

**Transformasie in die onderwysstelsel wat betref leerders wat hindernisse tot leer ervaar, is noodsaaklik as gevolg van die volgende redes:**

A. Waar hierdie leerders wel in gewone skole geakkommodeer word, sal toegang tot die kurrikulum nie problematies wees nie.

B. Waar daar goeie samewerking tussen spesiale skole en gewone skole is, sal hierdie leerders nie uitgesluit word nie.

C. ‘n Beraamde 70% van leerders met gestremdhede waarvan die meeste swart gestremde leerders in plattelandse gebiede is, bevind hul tans buite die formele onderwysstelsel.

D. Leerders wat hindernisse tot leer ervaar, word skynbaar meer uitgesluit in die kleinkindontwikkelingsfase.

(1) A, B, C

(2) B, C, D

(3) A, B, D

(4) A, C, D

**7 is ‘n gevorderde vorm van reseptiewe taal.**

(1) Lees

(2) Praat

(3) Geskrewe taal

(3) Innerlike taal

**8 Die elemente van geskrewe taal is:**

(1) Lees, opstel, linguistiek

(2) Opstel, spelling, handskrif

(3) Spelling, fonetiek, lees

(4) Opstel, handskrif, fonetiek

**9 Kies die KORREKTE stelling oor epilepsie:**

(1) Epilepsie is die ontlading van abnormale elektriese aktiwiteit in die brein.

(2) Die oorsprong van epilepsie is in die brein en ook in die liggaam.

(3) Die oorsprong van epilepsie is nie in die brein nie.

(4) Epilepsie is die ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein.

**10 Taal is die taal waarin ‘n mens dink.**

(1) Innerlike

(2) Reseptiewe

(3) Ekspressiewe

(4) Nie-verbale

**11 Kies die VERKEERDE stelling oor MIV/VIGS:**

(1) MIV is die menslike immuniteitsgebrekvirus.

(2) Kinders kan MIV voor geboorte opdoen.

(3) VIGS kan nie deur daaglikse sosiale kontak oorgedra word nie.

(4) VIGS is nie die finale stadium van MIV-infeksie nie.

**12 Downsindroom ontstaan as gevolg van afwykings in die gene van die … chromosoom.**

(1) Agtiende

(2) Een-en-twintigste

(3) Dertiende

(4) A, B, en C

**13 Kies die regte kombinasie van stellings.**

Volgens die Onderwys Witskrif nr 6 is die beleid van inklusiewe

onderwys in Suid-Afrika om die volgende redes aanvaar:

A. Uit ‘n sosiale oogpunt is dit sinvol.

B. Uit ‘n finansiële oogpunt is dit sinvol.

C. Uit ‘n opvoedkundige oogpunt is dit sinvol.

D. Dit bevorder onderlinge respek.

E. Dit bevorder sosiale welsyn.

(1) A, B, C

(2) A, C, D

(3) A, D, E

(4) B, C, D

**14 Die voelsintuig staan ook as ‘n … sintuig bekend.**

(1) oorblywende

(2) fisieke

(3) kinestetiese

(4) tas

**15 Refraksiefoute kan die volgende oogtoestande veroorsaak:**

(1) Strabisme, miopie, hiperopie

(2) Nistagmus, albinisme, skeeloog

(3) Hiperopie, astigmatisme, miopie

(4) Astigmatisme, skeeloog, albinisme

**WERKOPDRAG 02**

Hierdie werkopdrag is ‘n geskrewe werkopdrag en dit tel 10% van u semesterpunt.

Hierdie werkopdrag is verpligtend.

**TWEEDE SEMESTER**

Sluitingsdatum: 01 September 2015

Unieke nommer: **583274**

Die **doel** van hierdie werkopdrag is om vas te stel of u die teoretiese inhoud van hierdie module verstaan en ken. U moet vertroud raak met nuwe ontwikkelings in die veld van Inklusiewe Onderwys, insluitende intrinsieke en ekstrinsieke hindernisse tot leer en ontwikkeling. Om ‘n leerder met leerhindernisse te kan ondersteun, moet u oor basiese kennis van die leerhindernis beskik. Dit sal u lei om vorme van ondersteuning vir leerders met leerhindernisse te ontwikkel.

**Assesseringskriteria:** U sal demonstreer dat u die verskillende konsepte begryp en dat u praktiese toepassing van die teorie kan doen deur ‘n beskrywing te formuleer van die ondersteuning wat u as onderwyser in die klaskamer kan gee.

**Skryf die fase waarvoor u in die BEd-program ingeskryf is (KKO-, Intermediêre of VOO-fase) boaan die eerste bladsy van u werkopdrag.**

**Vraag 1**

1.1. Beskryf inklusiewe onderwys in u woorde.

(2)

1.2. Wat is die verskil tussen hoofstroom onderwys en inklusiwiteit?

(8)

1.3. In ons skole ontstaan verskillende leerbehoeftes as gevolg van 'n reeks faktore. Bespreek sowel intrinsieke as ekstrinsieke faktore wat daartoe kan lei dat leerders leerbehoeftes het. 2x10
(20)

**Vraag 2**

Leerders met die volgende tipes hindernis word tot u klas toegelaat:

2.1 'n gehoorgestremheid

2.2 'n visuele gestremdheid

2.3 serebrale gestremdheid

Bespreek die ondersteuning wat u in die klaskamer aan elkeen van hierdie drie leerders kan gee.

3X10 (30)

**Vraag 3**

Wat sal u doen as 'n leerder 'n epileptiese aanval in u klas kry?

(10)

**Vraag 4**

**Doen óf vraag 4.1 óf vraag 4.2, afhangende van die fase waarvoor u ingeskryf is.**

**Vraag 4.1 KKO fase**

'n Leerder in u klas het gedragsprobleme. Verduidelik die gedragsprobleme wat mag voorkom en verduidelik watter bystand u aan hierdie leerder kan gee.

(30)

**OF**

**Vraag 4.2 Intermediêre en VOO fases**

Bespreek vyf onbeantwoorde emosionele behoeftes van leerders in die Intermediêre of VOO-fase en verduidelik wat u as die onderwyser kan doen om leerders met emosionele behoeftes te ondersteun.

(30)

## 9 BYKOMENDE ASSESSERINGSMETODES

U sal selfevalueringsvrae in die studiegids aantref. Doen al die vrae ter voorbereiding vir die eksamens.

## 10 EKSAMEN

Hoe die eksamenstelsel werk:

- **Eksamentoelating**

Die Departement van Onderwys verplig die Universiteit om te bewys dat ’n student gedurende die onderrigtydperk aktief was, alvorens die student deur die Departement gesubsidieer word. Die Senaat het die inlewering van ’n verpligte werkopdrag as bewys van studente se aktiewe studie goedgekeur. Voorts is daar besluit dat studente eksamentoelating ontvang op grond van die inlewering van die verpligte werkopdrag. Die kredietestelsel is geskrap; **eksamentoelating hang nou slegs af van die indiening van Werkopdrag 01**, ongeag watter punt vir die werkopdrag verdien word en of die student die werkopdrag slaag of druip. Die punt vir die werkopdrag word egter in berekening gebring wanneer die student se jaarpunt bepaal word.

Gedurende hierdie semester sal u geassesseer word op u werkopdragte wat 20% bydra tot die finale punt, en die eksamen wat 80% bydra tot die finale punt.

Soos hierbo verduidelik is, moet u kwalifiseer om tot die eksamen toegelaat te word. Om te kwalifiseer, moet u Werkopdrag 01 en 02 inhandig. Al die werkopdragte is dus verpligtend en moet voor die sluitingsdatum ingehandig word. Ons is bewus daarvan dat hierdie sluitingsdatum baie vroeg is, maar let daarop dat die werkopdrag nie lank neem om te voltooi nie.

**Ons wil dit weer eens onder u aandag bring: indien u nie Werkopdrag 01 betyds inlewer nie, sal u nie toegelaat word om die eksamen te skryf nie.**

- **Eksamenvraestel**

U kan aanvaar dat eksamenvrae sal ooreenstem met die vrae wat in die aktiwiteite in u studiegids en in die werkopdragte gevra word.

- **Studiebrief met inligting oor die eksamen**

Om u te help met u eksamenvoorbereiding sal u ’n studiebrief ontvang wat die formaat van die eksamenvraestel verduidelik. Voorbeelde van vrae wat u kan verwag, word in die gids gegee.

- **Die eksamen en u finale punt**

Die eksamen sal uit 100 punte tel en ‘n berekening sal gemaak word sodat u eksamen 80% van u finale punt uitmaak. Die eksamenpunt dra dus ‘n groter gewig as die semesterpunt.

Nadat die eksamenvraestel nagesien en die punte gefinaliseer is, sal u eksamenpunt en u jaarpunt uitgewerk word.

Hierdie finale punt is die punt wat deur die Universiteit aan u uitgereik sal word.

Volgens Unisa se assesseringsbeleid moet studente ’n **subminimum van 40%** in die skriftelike komponent(e) van die eksamen behaal. ’n Student se finale punt is ’n kombinasie van die semester- en die eksamenpunt, maar indien die student nie die vereiste subminimum van 40% in die eksamen behaal nie, tel die semesterpunt nie.

In sulke gevalle is die eksamenpunt die finale punt. Indien u dus ’n semesterpunt van 100% het, maar u kry slegs 37% in die eksamen, is u finale punt 37%. As u 40% of meer in die eksamen behaal, dra die semesterpunt 20% en die eksamenpunt 80% tot u finale punt by.

**‘n Slaagpunt vir hierdie module is 50% en onderskeidingspunt is 75%**

| **Werkopdrag 02** | **Eksamenpunt** |
|---|---|
| 01<br>02 | 10%<br>10% |

- **Eksamenperiode**

Hierdie module word aangebied in ’n semesterperiode van 15 weke. Dit beteken dat indien u vir die eerste semester geregistreer is, u die eksamen in Mei/Junie 2015 sal skryf en die aanvullende eksamen sal in Oktober/November 2015 geskryf word. Indien u vir die tweede semester geregistreer is, sal u die eksamen in Oktober/November 2015 skryf en die aanvullende eksamen sal in Mei/Junie 2016 geskryf word.

Deur die loop van die semester sal die eksamenafdeling u van inligting oor die eksamen in die algemeen, eksamenlokale, eksamendatums en eksamentye voorsien.

## 11 GEREELDE VRAE

- **Wat moet ek doen as ek nie my werkopdrag op die inleweringsdatum kan inlewer nie?**

  Kontak die dosent en reël vir uitstel.

- **Waar kan ek voorbeelde van vorige eksamenvraestelle kry?**

  Vorige vraestelle is op myUnisa beskikbaar.

Die my Studies @ Unisa brosjure beskik oor ‘n A-Z-gids van die mees relevante inligting.

## 12 GERAADPLEEGDE BRONNE

Eniste Studiegids vir die module ETH306W.

## 13 SLOT

Ons hoop dat u hierdie module sal geniet en wens u alles van die beste toe!